GRONDHERVORMING

Regering wil Winde in jou seile blaas

Die Wes-Kaapse minister van ekonomiese geleenthede, Alan Winde, verdien wyd agting vir sy entrepreneuriese ingesteldheid ten opsigte van grondhervorming. Hy het vandeesweek hieroor met *LandbouBurger* gesels.

Die Wes-Kaapse minister van ekonomiese geleenthede, Alan Winde, het die Witzenberg-projek in Ceres besoek om meer van die vennote se grondhervomingsplan te wete te kom. Foto: EDREA DU TOIT

Die rol van die regering

Die volhoubaarheid van grondhervorming berus op ekonomiese groei en die beskikbaarheid van gesonde markte waarin ons ons produkte kan verhandel en voedselsekerheid kan verseker.

Ook is boerdery 'n onderneming, en ondernemings neem besluite op grond van goeie sakebeginsels wat berus daarop om risiko's, markte en verskeie ander faktore wat druk daarop uitoefen, te verreken.

Met dít as vertrekpunt, beskou ek ondoeltreffende grondhervorming wat voete sleep nog altyd as 'n risiko. Nou sit ons in Suid-Afrika met 'n verdere probleem: Daar word pal politieke uitsprake gemaak wat by beleggers geweldige onsekerheid skep.

My rol is dan om ondanks hierdie uitsprake seker te maak dat die Wes-Kaap 'n plek bly waar mense wil belê.

Kom ek gee jou 'n praktiese voorbeeld. Ons het reeds in die Wes-Kaap 'n paar somme gemaak. Die regering alleen beskik nie oor genoeg geld om grondhervorming te maak werk nie. Jy kort dus vennote in die private sektor. Maar dit gaan nie net oor boere nie. Ook bankiers, die markte en 'n magtige klomp ander rolspelers is betrokke.

Hoe kan ons as regering 'n omgewing skep wat hierdie vennootskappe sterker kan maak indien ons nie al die geld kan voorsien nie?

As ek met die banke praat, vra ek hulle hoe die regering kan help om die risiko's verbonde aan grondhervorming vir hulle te verminder, want dit voer terug na boerdery as 'n onderneming en hoe 'n volhoubare onderneming bestuur word.

Kan ons byvoorbeeld ons navorsings- en ontwikkelingsdepartement betrek om risiko te verminder? Of ons veeartsenydepartement? Of die departement wat met ons eie finansiering alternatiewe gewasnavorsing doen?

Kortom: Hoe kan ons vir banke die risiko verminder sodat hulle gelukkiger kan wees en gevolglik gewilliger om geld uit te leen? Dít is een manier vir die regering om betrokke te raak.

Ook moet ons ons volle steun gee vir distrikskomitees en dergelike liggame wat grondhervorming op voetsoolvlak bestuur. Daar is reeds hervormingsprojekte, soos die Witzenberg-projek in Ceres, wat al 'n tyd lank groot dinge beoog en doen. Die regering se rol is om toe te sien dat hierdie "gesonde plante" die regte kompos kry sodat hulle verder kan groei.

Ek sou graag kompetisie tussen streke en projekte wou sien – jy weet, sodat hulle mekaar kan druk, grense kan verskuif. As daar probleme is, moet ons ook daar wees om oplossings te help soek. Ook moet die regering kyk hoe hy 'n omgewing kan skep waarbinne die ekonomie kan groei en hoe ons toegang tot verskillende markte vir ons produkte kan moontlik maak. Sodra jy toegang tot markte het, begin boere belê; en sodra boere belê, het hulle meer om te deel met ander.

> **"Boere het reeds die kolf in die hand en hoef nou net beenskutte aan te trek.**

Rol van die private sektor

Jy moet jou afvra wat van grondhervorming gaan word as die regering een van sy eie planne vir grondhervorming wil bestuur.

Daarteenoor het die private sektor al telkemale beter as die regering gevaar om projekte en prosesse te bestuur. Dié sektor woel, en ons moet hom toelaat om sy vlerke uit te slaan.

Ek voel soms effens verleë wanneer ons met ouens in die private sektor werk, want hulle wil net *go, go, go*. Want dáár is uitstekende idees. En dan moet ons as regering by hierdie raakvatters probeer bybly.

Dus, eerstens het die private sektor 'n geweldige klomp ywer en gewilligheid om grondhervorming te maak werk. En waar daar probleme en krisisse is, wel, dis juis daar dat die private sektor met planne en uitvoering die deurslaggewende vennoot is.

Op voetsoolvlak moet die private sektor ook toesien dat hy die regte verteenwoordigers op die distrikskomitees vir grondhervorming het, of dat hy die regte vennootskappe sluit, soos met die Witzenberg-projek die geval is. En as iets werk, moet regerings die versoeking weerstaan om 'n politieke speelbal daarvan te maak.

Met die Witzenberg-model is ekstensief op nasionale regeringsvlak gekonsulteer; meer op dié vlak as op provinsiale vlak. En ek is gelukkig om terug te staan en die projek sy loop te laat neem. Want dit werk!

Die sleutelredenasie vir prosesse en projekte wat deur die private sektor aangevuur word, is nie noodwendig die finansiering nie, maar die kundigheid waarmee hervormingsprojekte van stapel gestuur en bestuur kan word.

Toe ons verlede jaar ons grondhervormingsberaad in Stellenbosch gehad het, het prof. Mohammad Karaan ook beklemtoon dat die private sektor die inisiatief moet neem en hierdie prosesse moet dryf. Waarom? Want boere beskik reeds oor die kundigheid. Boere het reeds die kolf in die hand en hoef nou net hul beenskutte aan te trek om in hierdie arena die kapteinsbeurt te speel.